# BYLAAG G3

## Brief 3 van Katie Lanzi aan Willie en Petra

1 Hamilton St, Gardenvale, Melbourne 3185 · 8 Mei 1985

Liewe Willie en Petra,

Net 'n paar reëls om 'hallo' te sê en te hoop julle is almal gesond. Het jy die brief ontvang wat ek 'n rukkie gelede gestuur het?

Ingeslote is 'n paar bladsye inligting oor van die Marnewick-families wat ek hoop van enige nut vir jou sal wees. Twee of drie jaar gelede het ek dit ook aan Boet Marnewick van Krugersdorp gestuur, so as jy sy seun is, het hy dit waarskynlik al vir jou gewys. Dit is moeilik en duur om inligting te bekom wanneer 'n mens in 'n ander land is, so ek het nie veel daarmee gejaag nie. Elke keer as ek Suid-Afrika besoek, doen ek meer navrae self.

Die prys van goedere hier in hierdie land het enorm gestyg sedert die Arbeidsregering aan bewind gekom het, en belasting styg dienooreenkomstig. Die lewe word al hoe moeiliker.

Groete van
Katie.

— Moderne Afrikaanse transkripsie van handgeskrewe brief —